Lesing 43 van 25.07.17 - Boodskappe vanuit die Gilgal Klipwiel

## *Die Profetiese rede vir die eindtyd*

Mat 24:1 EN JaHWèshua het uitgegaan en van die Tempel vertrek, en Sy studente het nader gekom om Hom die geboue van die Tempel te wys.

Mat 24:2 En JaHWèshua sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie.

Mat 24:3 En toe Hy op die Berg van die Olywe gaan sit het, kom die studente alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die Teken van U koms en van die voleinding van die tyd?

Mat 24:4 En JaHWèshua antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie.

Mat 24:5 Want baie sal onder My Naam kom en sê: Ek is die Gesalfde! en hulle sal baie mislei.

Mat 24:6 En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie.

Mat 24:7 Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke. [2 Ezra 6:24; 9:3]

Mat 24:8 Maar al hierdie dinge is 'n begin van die smarte. [Boekrol van Henog 1:1]

Mat 24:9 Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en julle sal deur al die nasies gehaat word ter wille van My Naam.

Mat 24:10 En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat.

Mat 24:11 En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei.

Mat 24:12 En omdat die ongeregtigheid vermeerder word sal die liefde van die meeste verkoel. [2 Ezra 5:2]

Mat 24:13 Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word. [2

Ezra 9:7]

Mat 24:14 En hierdie goeie tyding van die Koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot 'n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom.

Mat 24:15 WANNEER julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die Profeet DaniEl, sien staan in die Apartheidsplek - laat hy wat lees, verstaan - [DaniEl 11:31]

Dan 11:28

En hy sal na sy Aarde teruggaan met baie goed, en sy hart sal teen die Verbond van Apartheid wees, en hy sal optree en na sy Aarde teruggaan. [JeshaJaH 35:8]

Dan 11:29 Op die vasgestelde tyd sal hy terugkeer en in die Suide kom, maar dit sal die laaste keer nie wees soos die eerste keer nie.

Dan 11:30 Want skepe van die Kittiërs sal teen hom kom, en hy sal moedeloos word; dan sal hy teruggaan en sy toorn openbaar teen die Verbond van Apartheid en optree; en hy sal teruggaan en ag gee op die wat die Verbond van Apartheid versaak het.

Dan 11:31 En uitgestrekte arms sal van hulle opgaan en hulle sal die Apartheidsplek, die laer/vesting, besoedel, en hulle sal die voortdurende opsy stoot en die veragtelike gruwel oprig wat verlate maak. [Exodus 25:30]

Dan 11:32 En die wat besoedel handel teen die Verbond, sal hy met vleiery afvallig maak, maar die volk wat sy Elohey ken, sal vashou en optree.

Dan 11:33 En die verstandiges onder die volk sal baie tot insig bring; maar hulle sal struikel deur swaard en vlam, deur gevangenskap en berowing, dae lank.

Dan 12:7

Toe hoor ek die Man, met linne bekleed, wat bo-oor die water van die rivier was, en Hy het Sy regterhand en Sy linkerhand na die Hemele opgehef en gesweer by die Ewig-Lewende: 'n Tyd, tye en 'n halwe tyd en as hulle die Hand van die volk van Apartheid geheel verstrooi het, sal al hierdie dinge vervul word.

Dan 12:11 En van die tyd af dat die voortdurende afgeskaf en die veragtelike gruwel opgerig word wat lei tot die verwoesting, sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae verloop.

Dan 12:12 Geseënd is hy wat bly verwag en duisend-driehonderd vyf-en-dertig dae bereik.